

HEILBRON

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

HERALD



>>> BLADSY 3

Seun sterf na ongeluk

Die slag was so hard dat die bromponie hoër as 'n afdak deur die lug getrek het en die valhelms was van hul koppe afgeruk.

>>> BLADSY 6

Huis en Tuin: Groentebeddings

Filippense 4:8 vorm 'n akroniem – “plant” waarmee ons die onkruid in ons lewens kan uitwis.

>>> BLADSY 6

Adriaan Rall

Hy het swaar gekry, maar dit kon nie sy gees breek nie. Al was hy bedlënd, was hy steeds Peregrine Bullets se herlaaispesialis.

GEEN BEHEER BY HEILBRON STORTINGSTERREIN



Die wêreld word besoedel en dit is nie nuwe nuus dat Heilbron se stortingsterrein nie aan nasionale standaarde voldoen nie. 'n Inwoner, Louis Kleynhans, deel die bostaande foto wat hy onlangs geneem het, op sosiale media. Daar is geen twyfel dat daar geen munisipale ondersteuning plaasvind nie en word deur verskeie mense beskryf as teleurstellend. Danie Knoetze vertel dat Afriforum koste bepalings gedoen het en met mense gepraat om die asgat te rehabiliteer met 'n werkende plan om die munisipaliteit te help.

Die kostes beloop hoog en daar word gepoog om eers die grond waarop die asgat is, as wettig te registreer omdat die huidige asgat onwettig is. Die laaste kwotasies wat ingedien is om 'n gat te grawe wat groot genoeg is om die huidige gemors in te stoot, gruis aan te ry om te kompakteer, paaie te skraap en om 'n nuwe gat te grawe om oor te begin, was in die omgewing van R 85 000. Dit sluit nie die omliggende vullis in wat rondwaai wat opgetel moet word nie. Daar is tot dusver geen reaksie van die munisipaliteit verkry nie.

COVID-19

WAT JY VANDAG MOET WET

Die jongste getalle toon dat daar 596 060 bevestigde gevalle in Suid-Afrika is. Die dodetal staan tans op 12 423 en reeds 491 441 mense het van die virus herstel. Suid-Afrika staan steeds as die land met die vyfde meeste Covid-19 gevalle.

Die jongste inligting deurgegee van Fezile Dabi Distrikgesondheidsdienste dateer tot op 18 Augustus en dui aan dat Ngwathe 931 bevestigde Covid-19 gevalle het.

Heilbron Polisie-stasie het weer tydelik gesluit op 15 Augustus weens bevestigde Covid-19 gevalle. Die stasie is ontsmet en het weer heropen 18 Augustus.

Vandag is dit dag 148 van die nasionale staat van inperking en Suid-Afrika is nou op vlak twee. Tabakverkope word nou toegelaat tesame met alkohol verkope van Maandae tot Donderdae en daaglik op gelisensieerde plekke. Die dra van 'n masker in publiek is steeds verpligtend. Verskeie ander verligting is op regulasies aangebring.

FTC

FOR ALL TRUCK, CAR & TRAILER PARTS & REPAIRS

Villiers Avenue 12 • Frankfort • 9830
www.ftcfrankfort.com

BRAKES & CLUTCHES

HYDRAULIC HOSE ASSEMBLIES

Willem	072 647 1074	Parts	072 684 3861
Ruan	072 176 4206	Landline	058 813 1206
Thinus	079 544 8096	Email	ftcfrankfort@gmail.com

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
DONDERDAE – ROYAL AUCTION CENTRE

Vir kraalbesprekings en inskrywings
skakel Piet Boshoff : 083 210 7135
Posbus 220, Frankfort 9830 | Tel: 058 813 1077
E-pos: frankfort@bklouw.co.za
www.bklouw.co.za
Reg. No. 2005/0331736/9

Waar sake elke keer die eerste keer reg gedoen word!

1918 SPAANSE GRIEP

Honderd en twee jaar gelede, in die doodsnikke van die Eerste Wêreldoorlog, het die eerste swart troepeskepe uit Europa na Kaapstad begin terugkeer. Saam met die militêre personeel het die dodelikste virus in die land se geskiedenis ook aan wal gekom.

Die Groot Griep, Spaanse Griep of soos ons dit noem die 1918 griep, word deur dr Howard Phillips, 'n historikus van die Universiteit Kaapstad, bestempel as “die enkele mees vernietigende episode in Suid-Afrika se demokratiese geskiedenis”.

Die epidemie (waarskynlik veroorsaak deur 'n soort voëlgriep) het die wêreld in 1918 in twee vlae getref, met die tweede vlaag die dodelikste. Die eerste gevalle in Suid-Afrika was in September in Durban, veroorsaak deur 'n hoogs aansteeklike, minder dodelike virus, wat ook na die binneland versprei het. Kaapstad is enkele dae later deur die dodelike tweede vlaag getref. Na raming het ongeveer 14 000 mense binne sewe weke in September en Oktober 1918 in en om die Moederstad gesterf. Amper die helfte van Suid-Afrika se bevolking van ongeveer 7 miljoen mense het die Groot Griep opgedoen. Wêreldwyd het tussen 24 miljoen en 40 miljoen mense gesterf. Suid-Afrika is op vier na die swaarste in die wêreld getref, met amper net soveel slagoffers as die VSA.

Dit het Kaapstad getref met die eerste swart troepe wat van die oorlog af teruggekeer het. Almal het aanvanklik net gedink dit is 'n verkoue.

Daar het siekes en dooies langs die pad gelê van Kaapstad se middestad tot in Seepunt. Daar was later nie meer kiste beskikbaar vir begrafnisse nie. Die skole het nie vir die vierde kwartaal heropen nie, kerkdienste is afgestel, teaters en bioskope is gesluit en hofsake is uitgestel.

In 1919 het die destydse eerste minister van die Unie van Suid-Afrika, generaal Louis Botha, ook siek geword aan die virus. Hy is egter nie aan die virus dood nie. Terwyl hy so siek was, het hy gewroeg met die feit dat hy en Generaal Jan Smuts met die Rebelle van 1914 soveel van hul eie mense laat doodskiet het. Hy het egter selfmoord gepleeg deur beide van sy polse te sny. Omdat hy selfmoord gepleeg het, het hy nie 'n staatsbegrafnis gekry nie, en is hy ook nie in Pretoria Wes begraaft plaas, waar presidente en leiers van die land begrawe word, begrawe nie. Hy is in Rebekka Begraafplaas begrawe.

Verlede week is gemeld dat my ouma in Frankfort die griep opgedoen het, maar dit was foutief, die persoon was nie my ouma nie.

Quarta Pretorius



save
life
blood

BLOEDSKENKDATUMS

22 & 29

SEPT 2020

BRIEWE VAN ONS LESERS

Die volgende skrywe is ontvang van Heléne Howell van Huis Bron-van-Heil gerig aan die Redakteur:

Wasgoed-gebed

Ek staan voor U Here, met my bondeltjie geestelike wasgoed. My mandjie loop oor. Dit is wasdag tussen U en my. Help my sorteer Here? Met U hoef ek nie op winkelrakke, vlekverwyderaars te soek nie. U ken my hart. Was my en hang my in U sonlig, of al wapper ek teensinnig in die wind van geregtigheid. Verwyder my nie van die lyn, voordat ek weer skoon en bruikbaar in U diens losgemaak kan word nie. In die wonderlike Naam van Jesus ... *Bron: Gemeente blaadjie van NG Moedergemeente Heilbron*

BRANDWEERWA-VERSOEK

Mediaverklaring deur AfriForum, 12 Augustus 2020

AfriForum versoek reaksie vanaf Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit oor gebrek aan brandweerwaens in Heilbron. Nadat AfriForum vroeër vanjaar 'n skrywe aan die Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit gerig het om te versoek dat 'n bakkie, wat as Heilbron se brandweerwa dien, herstel word, is 'n vierde huis op 9 Augustus byna in puin gelaat toe 'n brand daar uitbreek het. Hierdie skade moet vierkantig voor die deur van die munisipaliteit gelê word, wat versuim om die brandweerbakkie se herstelwerk te betaal sodat dit gebruik kan word om brande te blus. As dit nie was dat die gemeenskap met vuurvegters ingespring het om die brand te help blus nie, was hierdie huis ook Sondagaand totaal in puin gelê. Die AfriForum-tak in Heilbron het reeds in Mei 'n skrywe aan die munisipaliteit gerig waarin hulle gemaan word om vir die herstelwerk van die bakkie te betaal sodat dit gebruik kan word. Geen reaksie is egter op die skrywe ontvang nie. Intussen word amptenare betaal en geen diens word verrig nie. Die tak oorweeg regstappe indien hulle nie 'n antwoord ontvang nie. “Die huidige situasie waar daar geen brandweerwa in Heilbron is nie, is regtig kommerwekkend. Ek wil die mense wat hulle huise in brande verloor het aanmoedig om klagtes teen die munisipale bestuurder te lê sodat hy verantwoordelik gehou kan word vir die gebrek aan dienslewering,” sê Alta Pretorius, AfriForum se distrikskoördineerder vir die Mooirivier.



In the first week of June a beloved young girl was brutally shot outside her house in Phiritona of the Lahlamlenze section. The intruder came into the house of Lebohang Suzan (Mempe) Mokoena (23) demanding money and cellphones and attacked family members who tried to take possession of the firearm. During the struggle a shot went off and the intruder tried to fled the scene. Mempe went after him. As the rumours are spread now she shouted out the guy's name that caused her to be shot and killed instantly. Heilbron Herald spoke with Motsamai Kheswa that is the spokesperson for the Community Patrol. In the cooperation with the Welkom SAPS, the suspect was caught on Friday when he confessed to the murder of Mempe. The murder weapon is till thus far not found. He appeared in court on Monday when he then denied being guilty of the murder. The case was postponed until 24 August for bail application.

Remember all the local small businesses that you have asked for years and years to donate and sponsor your sports clubs, school events, organisations, etc?

They're calling in a favour. Answer the call!

Support local businesses!

Herald Office National



SEUN STERF NA BROMPONIE-ONGELUK

Hoërskool Reitz is in rou na die skielike afsterwe van 'n geliefde matrikulant, Hein Swart. Hy en sy vriendin, Christelle Cilliers was oppad na 'n OTM op haar bromponie nadat sy kaart nie wou werk nie. 'n Groep vriende was die middag by Poelanie-gastehuis in Reitz om melkskommel te gaan drink. Toe hulle moes betaal, het Hein se bankkaart nie gewerk nie en het hulle besluit om by die naaste kitsbank geld te gaan trek. Nadat hulle oor die straat gery het, het daar klaarblyklik 'n Volkswagen vanaf Bethlehem se rigting in die Sarel Cilliers-sstraat met 'n baie hoë spoed afgekom en hulle van agter af getref. Christelle se ma vertel dat 'n ooggetuie die ongeluk van sy erf beskou het en sê die slag was so hard dat die bromponie hoër as sy afdak deur die lug getrek het. Hulle valhelms is ook van hul koppe af geruk deur die slag. Hein is in die Medi-Clinic Hoogland in Bethlehem oorlede aan veelvuldige beserings nadat hy oorgeplaas is van Reitz Provinsiale Hospitaal, waar hy opgeneem was saam met Christelle Cilliers. Christelle was opgeneem vir waarneming maar is intussen ontslaan en sterk aan by haar ouerhuis met verskeie gesigbeserings en 'n gebreke neus. Christelle is die dogter van Sarel en Chantell Cilliers van Petrus Steyn. Hein se ouers is Herkie Swart van Reitz en Sandra van Reenen van Bethlehem. Beide was matriekleerlinge aan Hoërskool Reitz, wat ook hul meegevoel op sosiale media gedeel het.

“Ons as skool en gemeenskap is in rou gedompel, maar berus in die wete dat ons Here nie foute maak nie. Só bemoedigend is die heerlike wete dat Hein sy Skepper geken het. Hein is lief vir die Here en die Here is lief vir sy kind. Ons innige meegevoel aan Hein se gesin, familie in besonder, maar ook sy mede-matrikulante, Hoërskool Reitz personeel, leerders en gemeenskap – almal wat die voorreg gehad het om Hein te ken en deel van sy lewe te kon wees.”

“Ons loof die Here vir Christelle Cilliers se beterskap! Christelle was saam met Hein in die ongeluk. Sy het gisteraand in Bethlehem Medi-Clinic vir waarneming oornag. Ons is saam met Sarel en Chantell, hul gesin, familie en geliefdes dankbaar. Ons vertrou dat Christelle volkome sal genees.”



Hein se begrafnis vind plaas vandag, 21 Augustus om 11:00 vanuit die NG Moederkerk in Reitz.

MID-YEAR MADNESS

Valid from 11 Aug 2020 - 11 Sept 2020

Single Compartment Locker
Code: L005 / 1800 x 300 x 450
Top Shelf/Hang Rail
Hasp & Staple to accom. padlock

Stationery Cabinet
1800 x 900 x 450
4 Shelves

R2 257
Excl VAT

4 Drawer Filing Cabinet
1320 x 470 x 630
4 Drawers

R2 357
Excl VAT

Herald

Office
National

44 Els Street
Heilbron
Tel: 058 852 3033



R1 032
Excl VAT

2 Compartment Locker
Code: L010
1800 x 300 x 450
Hang Rail Only
Hasp & Staple to accom. padlock

IVORY/KAROO OR HAMMERTONE GREY ONLY



UIT DIE PEN

Ons is uiteindelik op vlak 2 en fase 2. Net toe ons opgewonde raak oor die inperkings wat nou effens gelig word, besluit ESKOM om ons nie meer so baie te verlig nie. Maar dis hoe dit nou maar werk: wat jy op die perde verloor, maak jy weer op met die "swings". Universele waarheid.

Vir sommige is dit die eerste keer dat hy of sy met ander buitenshuis kan kommunikeer. Ander mag weer begin werk, en sodoende kan die dood uit die pot gehou word. As dit nie al te laat is nie.

Ons ekonomie kan dalk nou aan die brand geskop word, maar volgens Netwerk24 kan dit, op die kortste, twee jaar neem voordat ons ekonomie herstel. Slegs as die infeksies, na afloop van vlak 2, nie weer toeneem nie.

Bogenoemde berig is aan die begin van Junie gepubliseer toe ons nog in vrees en bewing gewag het vir die volgende aankondiging vanaf die regering.

Hierdie week het Moneyweb se webwerf 'n onderhoud met Prof. Raymond Parsons, hoof van die Ekonomiese- en Bestuurswetenskap Fakulteit by die NWU se Besigheidskool, gepubliseer.

Hy herinner ons daaraan dat Suid-Afrika reeds tegniese in 'n resessie

was voor die aanbreek van die grendelstaat. Baie besighede sal, ten spyte van vlak 2, nie weer kan oopmaak nie. Suid-Afrika se ekonomiese groei hang ook af van die groei in die wêreldwye ekonomie.

My kennis van die ekonomie is effens power, dus gaan ek nie eens probeer om verder oor die ekonomiese implikasies van die grendelstaat te skryf nie. Hoe meer ek daaroor lees, hoe minder verstaan ek van die ekonomie en hoe meer terneergedruk voel ek. Wat my laat dink het aan wat die grendelstaat met ons geestesgesondheid gemaak het. Wikipedia (nie die beste

navorsingsplatform nie, ek weet) definieer geestesgesondheid soos volg: "sielkundige toestand van iemand wat op 'n bevredigende vlak van emosionele en gedragsaanpassing funksioneer". Maar 'n gesonde gees is nie vir my dieselfde as geestesgesond nie. Ongelukkig hoor en lees ek weekliks van mense wat gedurende hierdie tyd hulself probeer dood het. Mense wat net eenvoudig opgee, en nie meer wil lewe nie. As jy die groot, swart depressiehoond moet saamdra, gaan dit klaar sleg op 'n goeie dag. Met die grendeltydperk het dit moontlik onhoudbaar geword.

Ek lees weer hierdie week van 'n wynboer in die Paarl wat, na wat beweer word, eers sy vrou en daarna homself om die lewe gebring het. Hoe depressief moet jy wees indien jy jouself en iemand anders saam wil doodmaak? Daar kan moontlik ander redes hiervoor wees, dit is maar net een van die dinge waaraan ek dadelik gedink het.

Hoe het jy na jou eie gees gekyk gedurende die inperking? Of net na die ekonomie?

Jip, ons het geoefen. Dit bewys talle se Facebook-inskrywings, Tweets en Instagram-stories. Jy kon dalk, tydens vlak 5, een keer

per week na die winkel toe stap vir oefening (soos ek). En toe oom Cyril sê ons kan fiets trap, draf en stap, was jy eerste uit die blokke. Sommige was nie alleen gedurende die inperking nie, hulle het ander asems gehad om mee te kon kommunikeer. Party mense het asems gehad om mee te kon gesels, maar dit was nie tot stigting nie.

Ons leer by ons geestelike leiers dat elke mens uit siel, gees en liggaam bestaan. Ons kyk redelik mooi na ons liggame, probeer gesond eet, hou dit skoon en welriekend, drink genoeg water en oefen. Wanneer jy depressief voel, weet jy min of meer wat om daaraan te doen, indien jy bewus is van die simptome.

Maar wat maak jy met jou gees? Hoe het jy na jou gees omgesien gedurende die inperking? Is jou gees gesond? Hoekom vergeet ons maklik daarvan of ignoreer dit net? Die liggaam is maklik om te verstaan: dit is die aardse pakkie waarin jy tans verkeer. Wanneer jy doodgaan, gaan hierdie pakkie vergaan, maak nie saak in watter geloof jy jouself bevind nie.

Die siel is waar jou wil, gedagtes en emosies gesetel is. Jou gees is soveel meer: hierdie is die deel waarin ons geloof lê en hoe ons die opperwese aanbid. Ek skryf dit aspris met 'n klein letter, want elke geloof het 'n ander opperwese. Vir my is die Opperwese 'n God van liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selbeheersing. Die Een van die hemel en die aarde gemaak het.

Hoe gesond het jy jou gees gehou? Het jy gereeld oor die Woord gedink en gebid? Het jy eredienste virtueel bygewoon of dit aanlyn geluister? Dalk was die inperking net 'n verskoning om op Sondae laat te slaap.

Jou kerk mag dalk slegs 50 persone akkommodeer. Wanneer die leraar vra wie almal na die

Jagters gaan bokveld toe. Parlementslede op die groen kussings gaan sag heen. Die melkman en die posman kom om.

Kokke steek lepel in die dak. Die horlosiemaker se tyd het aangebreek. Die valskermsspringer ontval ons. Die tuinier is van die gras af gemaak.

Die melkboer het die emmer geskop. Die begrafnisondernemer sien sy gat.

Die dominee het die tydelike met die ewige verwissel. Die ouderling is ontslape. Die koerantman is direk hemel toe. Die skeidsregter het sy laaste asem uitgeblaas.

Die dokter se hart het gaan staan. Die elektrisiën se liggie is gedoof. Die dokter het die doodsklok hoor lui. Die kleremaker se draad is geknip. Die Springbokrugby-afgrigter kom tot rus. Skoonma – die duiwel het haar kom haal !!!!!!!

WEEK EEN-EN-TWINTIG

volgende erediens wil kom, maak jy dalk verskoning "sodat ander die geleentheid kan kry", maar heimlik wil jy nie soontoe gaan nie. Jou gees ly hieronder.

Dalk was hierdie grendeltyd iets wat die Chinese in 'n laboratorium gemaak het. Dalk was hierdie 'n manier van moeder aarde om ons weer bewus te maak van wat ons aan die natuur doen.

Het jy al hieraan gedink: dalk was hierdie 'n "reset" knoppie wat die Here gedruk het om jou weer geestelik te kon voed.

As jy nie afgelope 21 weke daarvoor tyd gehad het om geestelik vernuwe te kon word nie, wanneer gaan jy weer daarvoor tyd hê? Het jy die grootste geleentheid van jou lewe verspeel?

Dink jy nie jy moet dieselfde aandag aan jou gees gee as wat jou siel kry nie? Net soveel oefening as wat jou liggaam kry nie?

Liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selbeheersing is nie die vrugte van die Gees nie. Gaan lees dit gou weer in Galasiërs 5:22. "Die vrug van die Gees", want as jou gees gesond gemaak word deur die Gees, is al hierdie "vrugte" in een vrug in jou lewe sigbaar.

Jy het nog tyd oor. Dalk net vandag, dalk net môre, dalk nog 'n paar jaar.

Gebruik die tyd wat vir jou gegun word.

GEKLASSIFISEERD

Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars
Heilbron Herald (Edms) Bpk,
Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron
Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140
www.heilbronline.co.za
E-POS ADRESSE

Abrie Watson abrie@heilbron.co.za • John Watson john@heilbron.co.za
Winkel heraldwinkel@heilbron.co.za
Celésté herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
Carien heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
Delareyz finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
Christelle heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
Jeanne heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
Elsabé heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
Silma heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerant, advertensies)
Silma marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)

Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.

Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.

KENNISGEWINGS

BOEDELKENNISGEWING
In die boedel van wyle **HENRY BROADLEY COCKCROFT** (gebore op 1928-12-03), identiteitsnommer 281203 5062 08 8, 'n pensioenaris in lewe woonagtig te Huis Silwerjare, Petrus Steyn, Vrystaat, wie te sterwe gekom het op 2012-05-07 en langsliewende gade **JUDITH JACOB COCKCROFT**, identiteitsnommer 360805 0006 08 6.

BOEDELNOMMER: 2839/2018.
Skuldeisers en skuldenaars in bogenelde boedel word hiermee versoek om hulle eise in te dien en hulle skulde te betaal aan die ondergetekende binne 'n periode van dertig (30) dae vanaf Vrydag, 21 Augustus 2020.

JOHAN WAGENER ING PROKUREURS VIR EKSEKUTEUR
POSBUS 58 / KERKSTRAAT 117 OUDTSHOORN, 6620
(T) 044 272 8911
E-pos: hannes@jwinc.co.za
(VERW: HO128 / C302)

KENNISGEWING

Boedelnommer: 3524/2019
Van: Van Sittert
Voorname: Lambert Petrus
ID NR.: 3907215056089
Laaste adres:
Bestersstraat 16, Petrus Steyn

Beskrywing van rekening:
Eerste en Finale
Tydperk van Insaes: 21 Dae
Landdroskantoor: Petrus Steyn Meesterskantoor:

Bloemfontein
ADVERTEERDER:
WESSELS & SMITH
YORKWEG 1A, WAYERLEY
BLOEMFONTEIN, 9301
POSBUS 2104,
BLOEMFONTEIN, 9300
E-POS: bloemwess@internext.co.za
TEL: 051 4361209
Publikasie in die Staatskoerant:
2020.08.21

SLUITINGSDATUM VIR AANSOEKE:
02 September 2020 om 18H00
Kandidate wat geen terugvoering binne twee weke na sluitingsdatum ontvang nie, kan hul aansoek as onsuksesvol beskou.

Publikasie in die Staatskoerant:
2020.08.21

Publikasie in die Staatskoerant:
2020.08.21

WEERVOORSPELLING



Sa 22 Aug.	4 / 20	Sonnig
So 23 Aug.	5 / 23	Sonnig
Ma 24 Aug.	9 / 26	Sonnig
Di 25 Aug.	7 / 27	Sonnig
Wo 26 Aug.	6 / 21	Sonnig
Do 27 Aug.	10 / 21	Sonnig
Vr 28 Aug.	5 / 19	Sonnig, bewolk
Sa 29 Aug.	6 / 20	Sonnig
So 30 Aug.	5 / 20	Sonnig
Ma 31 Aug.	5 / 21	Sonnig
Di 1 Sept.	7 / 20	Sonnig

TE HUUR

HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense. Sluit in volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
Hannalie Claassen 079 040 0531

G

WINKEL-URE:

Maandae - Donderdae
07:30 tot 17:00

Vrydae:
07:30 tot 16:30

Saterdag:
09:00 tot 13:00



Elsstraat 44
Heilbron
9650
Tel: 058 852 3033

BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
Kontak Jaco Meiring
082 851 6158 of
Piet Meiring
082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

R

SMALLS

EIENDOMME

VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME

Vir die beste transaksies en diens

Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

DIENTE

Andries Muller

072 447 7446
Vrystaat 23, Heilbron
Ou Heilbron
Betonwerke se gebou

MILLING • KEYWAYS ALGEMENE DRAAIWERK MEGANIESE HERSTELWERK

HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT

Hugo Groenewald
082 540 7305
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemaking. Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

hand-transaksies of veiling navrae!

Raak deel van ons lekker-lees gemeenskaps-koerant en stuur vir ons jou foto's van mylpale wat bereik is, asook ander aktiwiteite. Ons plaas dit graag. Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, skakel Silma 083 363 6553.

FANUS SÊ ...



Fanus Rautenbach is 'n bekende Suid-Afrikaanse skrywer en reeds in 2011 oorlede, maar sy gesegdes sal nog lank aangehaal word. Hy het self ook 'n hele paar nuwe Afrikaanse woorde geskep soos soldoedie, metermerrie en bromponie. Ons moet almal eendag sterwe, maar elkeen sterf volgens sy beroep, aldus Fanus: Reisigers gaan heen.

Jagters gaan bokveld toe. Parlementslede op die groen kussings gaan sag heen. Die melkman en die posman kom om.

Kokke steek lepel in die dak. Die horlosiemaker se tyd het aangebreek. Die valskermsspringer ontval ons. Die tuinier is van die gras af gemaak.

Die melkboer het die emmer geskop. Die begrafnisondernemer sien sy gat.

Die dominee het die tydelike met die ewige verwissel. Die ouderling is ontslape. Die koerantman is direk hemel toe. Die skeidsregter het sy laaste asem uitgeblaas.

Die dokter se hart het gaan staan. Die elektrisiën se liggie is gedoof. Die dokter het die doodsklok hoor lui. Die kleremaker se draad is geknip. Die Springbokrugby-afgrigter kom tot rus. Skoonma – die duiwel het haar kom haal !!!!!!!

HUIS EN TUINBOUKLUB: GROENTEBEDDINGS

Met die vyfde maand van die inperking nooi Pia Pienaar en haar span elke lid uit om deel te neem aan 'n “Drive Thru” bederf-oggend. Elk het 'n pakkie en sielskos ontvang met die woorde van Rona Kritzinger. Stemopnames is weer op die groep gestuur waar Pia elkeen verwelkom en open met die woorde uit Jakobus 1: 2-3. Sy vertel ook dat dit 'n voorreg was om elkeen weer te kon sien en iets met en vir mekaar te kon doen. In die bederfboks wat elk ontvang het, is Jan van Zyl se notas oor hoe om 'n groentetuin voor te berei. Saam met elkeen se bederf en saadjies wat in die boks geplant kan word is notas in die vorm van 'n resep met aanduidingss hoe om dit te plant. Rona Kritzinger is aan die woord. Sy is 'n maatskaplike werker wat vir die afgelope 29 jaar woonagtig is in Frankfort saam met haar man Herman, met wie sy al 40 jaar getroud is. “Plant en maak jou toe met die regte gedagtes”. Melani Vosloo skryf in die Lig tydskrif van Augustus 2020: “Ons het lagies mense geword”. Rona vertel dat sy dit dadelik verstaan het. Deur die lewe leer ons om ons te beskerm deur lagies om onself te verf, plak en bou. Voorgee lagies - ons gee voor dat dit goed gaan. Weerstand lagies – ek stem nie saam nie en doen wat ek wil. Aangeplakte vriendelikheid lagies – ek onttrek my, los my liewer net alleen.



Op die foto vl: Bessie van Zyl, Bertha Hancke, Lizette Muller en Pia Pienaar.

Sels Laurika Rauch sing van my moskombersie wat 'n menskombersie geword het, die mense wat ek lief het, kom groei op my soos mos, daar laat ek hul na hartelus gedy, en loop ek deur die wêreld - beskut teen die koue - Die snoesigheid self: Ek met my mos- of menskombersie” Sy vertel ook hoe jy die Russiese Matryoshka poppies uitmekaar haal tot jy by 'n piepklein poppie kom. Hoekom noem sy al hierdie dinge? Ons leef tans in baie onnatuurlike omstandighede. Ons word gestroop deur die virus, kwaad, ongeregtigheid en die inperking van 'n beskermingstrategie. Die strooppreses is ongemaklik en sels seer en ons is onseker omdat ons die goed wat gebeur nie kan beheer nie. Ons vrees die onbekende vyand en word vasgevang in 'n tronk van emosies en gedagtes. Sy motiveer elkeen in haar boodskap om op te styg bo hierdie omstandighede deur die regte gedagtes te plant. Die Engelse weergawe van Filippense 4:8 vorm 'n akroniem waarby elkeen kan leef. **Pure, Lovely, Admirable, Noble and True** waarmee die woord plant gevorm word. Hierdie vorm 'n kombersie waarmee ons nuwe lagies in ons lewe kan vorm en elke dag moet plant. Ons moet elke dag plant om die onkruid in ons lewens uit te wis. Die volgende vergadering sal plaasvind in September en word deur Sannetjie Lombaard gereël.



'n Ware seun van Afrika, boerseun in murg en been, jagter van formaat, vuurwapenkenner, ballistiese spesialis, deel van die ontwerp van premiumkoeëls (Peregrine), boogskut en afrigter, Boran-teler, vliegduifkenner en teler, liefhebber van enigiets wat iewers onder die enjinkap te doen het met Chevrolet, hy het vlot Sotho gepraat ... Die lys word net langer en langer. Al hierdie fasette en nog baie meer spel iets uit van die briljantheid van hierdie gebore Heilbronseun.

Na universiteit het hy homself as professionele jagter bekwaam en het Afrika, veral Kenia, ontvanger van sy voetspore geword. Bedrewe jagter van die

ADRIAAN RALL

* 12 MEI 1961 - † 18 AUGUSTUS 2020

groot vyf, eers as "outfitter" van sy eie Dinare Safaris vir geweerjagters en later vir boogjagters. In boogskiet het hy 'n nuwe liefde gevind, die uitdaging was net soveel groter. Hy was die heel eerste Suid-Afrikaner wat in Yellowstone National Park, VSA, 'n permit gekry het om 'n bison met 'n boog te jag. Talle boogskutters het onder sy mentorskap gedy. Hy was voorwaar 'n kind van die veld. Toe het hy siek geword. 'n Uiters seldsame en ongeneeslike, rumatiese siekte het hierdie veldkind ingeperk tot meestal bedlënd die afgelope paar jaar. Adriaan het swaar gekry, maar dit kon nie sy gees breek nie. Al was hy bedlënd, was hy nog steeds Peregrine Bullets se herlaaispesialis. Medeagters sal die knop knik, vir oulaas, "Weidmannsheil, Herre Adriaan".

Geen gewone kerkdiens gaan gehou word nie. 'n Virtuele gedenkdien gaan opgeneem word en op YouTube gelaai word vir familie en vriende. Teen druktyd is geen datum en tyd gefinaliseer nie.

VELD REEDS VOL VIR BOKKEDAG

Nadat dit bekend gemaak is dat die Bokkedag wel gaan plaasvind, was daar binne 'n dag genoeg inskrywings. Volgens Covid-reëls mag daar nie meer as 50 mense bymekaar wees nie en dus word die veld tot 48 inskrywings beperk.

Die wind het dinge Saterdag nie maklik gemaak nie, tot vier spelers van Frankfort het hier ingewaai. Niemand kon baansyfer breek nie en het die besoekers met die eerste twee vleispryse weggestap. Die Frankfort-manne verstaan dalk net



Saterdag se weners vl: Willem Loots (bestuurslid), Ruan Mienie (3de), Shaun Botha (2de) en André Theron (1 ste).

KENNISGEWINGS • KENNISGEWINGS

Form JJJ

LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **DEED OF TRANSFER NO. T6301/2011** passed by **NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY** in favour of **MOLEFENYANA APRIL MOKOENA**, Identity number **830412 5894 087** and in respect of certain **ERF 3420, PHIRITONA (Extension 1), district Heilbron, Province Free State** which has been lost or destroyed. All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks after the date of the publication of this notice. Dated at Heilbron this 18th day of August 2020. **APPLICANT: AMANDA ANNE SCHUTTE CORNELIUS & PARTNERS INC 40 CHURCH STREET HEILBRON, 9650** E-MAIL: aktesa@corven.co.za TEL: **058 852 2035**

Form JJJ

LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of Regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of Deed Transfer Number **T5231/2014** passed by **DENEYS SWISS DAIRY CC (Registration number 2010/070442/23)** in respect of Plot 53 Vaaldam Small Holdings, District Heilbron, Province Free State and Plot 54 Vaaldam Small Holdings, District Heilbron, Province Free State, which has been lost or destroyed. All persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein, within two weeks from the date of the publication of this notice. **APPLICANT: VDMA ATTORNEYS SUITE 1 SOUTHDOWNS RIDGE OFFICE PARK 1240 JOHN VORSTER DRIVE IRENE 0157** [hjacob@vdmalaw.com](mailto:hjacobs@vdmalaw.com) **010 612 0352**

JAGTERS FOTOKOMPETISIE

Die jagseisoen begin nou na sy einde te draai. Moenie vergeet om met daardie jagfoto te spog wat geneem was gedurende die jagseisoen nie. Die jagters staan 'n kans om Amrod klere ter waarde van R750 by Heilbron Herald te wen. Dit sluit in handelsmerke soos Slazenger, US Basic, Elevate en Gary Player. Om in te skryf, volg die volgende eenvoudige stappe en hierdie prys is joune. Stuur jou jagfoto via Facebook Messenger vir die Heilbron Herald Facebookblad



waarna ons dit op die blad sal laai sodat soveel as moontlik “likes” gewerf kan word. Stuur vir ons 'n beskrywing oor die jagtog, bok en ervaring saam met die foto en jagter se naam en van. Foto-inskrywings sowel as “likes” sluit 26 Augustus om 08:00 en geen meer foto's of “likes” word na hierdie datum en tyd meer aanvaar nie. Die wenner sal in die koerant aangekondig word op 28 Augustus 2020. Vir enige navra skakel Silma by 058 852 3033. Sterkte aan al die deelnemers! Gaan lees die bepalings en voorwaardes op Heilbron Herald se Facebookblad. Gaan “like” jou gunsteling! Hier volg een van die deelnemers: “Op die 1ste Mei 2020 het ek, Deoné Visser saam my pa gaan jag sodat ek my eerste blesbok kon skiet. Met my pa se .303 op 'n afstand van 150m het ek kalm aangelê op 'n koue wintersoggend en die ram platgetrek. Meer opgewonde was ek nooit. Dankie Dadda.”

Vorm JJJ

VERLORE OF Vernietigde TITELBEWYS

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van **TRANSPORTAKTE T17473/1992** en **VA 365/2012** gepasseer deur **DIE EKSEKUTRISE IN DIE BOEDEL VAN WYLE JAN GABRIEL HENDRIK KRIEL**, ten gunste van **JAN GABRIEL HENDRIK KRIEL**, Identiteitsnommer: **570301 5039 088**, **Getroud buite gemeenskap van goed**, ten aansien van sekere: **1. GEDEELTE 1 VAN DIE PLAAS SPRINGAASLAAGTE 316, DISTRIK KOPPIES, PROVINSIE VRYSTAAT;** **2. GEDEELTE 2 VAN DIE PLAAS SPRINGAASLAAGTE 316, DISTRIK KOPPIES, PROVINSIE VRYSTAAT;** **3. PLAAS JACOBSDEEL 407, DISTRIK KOPPIES, PROVINSIE VRYSTAAT;** **4. GEDEELTE 1 VAN DIE PLAAS BAKENKOP 219, DISTRIK KOPPIES, PROVINSIE VRYSTAAT;** **5. RESTANT VAN DIE PLAAS SPRINGAASLAAGTE 316, DISTRIK KOPPIES, PROVINSIE VRYSTAAT** wat verlore geraak het of vernietig is.

Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing. Gedateer te Heilbron op hede die 17de dag van Augustus 2020. **(GET) AA SCHUTTE CORNELIUS & VENNOTE ING KERKSTRAAT 40 POSBUS 205, HEILBRON, 9650 TEL: 058 852 2035**

HET JY NOU DAARDIE WEGBREEK NODIG?

Ballito seefront grondvlak woonstel. Slaap 8 persone. Veilige kompleks met swembad en parkeering. Volledig toegeruste woonstel. Twee en half slaapkamers; twee en half badkamers. By hoof swemstrand. **Skakel Annerien Viljoen 0823720775.**

Late-Nite Video Heilbron

NEW FUDGE FLAVOURS NOW AVAILABLE

Amarula
Frangelica Liqueur
Cookies and Cream Liqueur
Strawberry Lips Liqueur
Milo, Crunchie
Peppermint Crisp, Oreo

Kerkstraat 42 C/42 C Church street
072 807 7790 ★ 076 868 3837

Form JJJ

LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **DEED OF TRANSFER NO. T1028/2012** passed by **NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY** in favour of **MOEKETSI SHADRACK MOKOENA** in respect of certain **ERF 3911, KWAKWATSI (EXTENSION 1), district Koppies, Province Free State** which has been lost or destroyed. All persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks after the date of the publication of this notice. Dated at Koppies on 17 August 2020. **APPLICANT: AMANDA ANNE SCHUTTE CORNELIUS & PARTNERS INC 26A CHURCH STREET KOPPIES, 9540** E-MAIL: koppies@corven.co.za TEL: **056 777 1884** VERW: MOSIO/2 **NGWATHE / MOKOENA**

Form JJJ

LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **DEED OF TRANSFER NO. T4404/2012** passed by **THE TRUSTEES FOR THE TIME BEING OF THE DOORNRAND TRUST** Registration number **IT 417/2008** in favour of **ANDRIES HENDRIK JOSEPHUS JEREMIA SWART** Identity number **700204 5007 084** married out of community of property in respect of certain **THE FARM DOORNRAND 261, DISTRICT KOPPIES PROVINCE FREE STATE** which has been lost or destroyed. All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks after the date of the publication of this notice. Dated at Heilbron this 18th day of August 2020.

APPLICANT:

AMANDA ANNE SCHUTTE CORNELIUS & PARTNERS INC 40 CHURCH STREET HEILBRON, 9650 E-MAIL: aktesa@corven.co.za TEL: **058 852 2035**

WINKELURE:



Elsstraat 44 • Heilbron
Tel: 058 852 3033

MAANDAE - DONDERDAE
07:30 tot 17:00
VRIDAE:
07:30 tot 16:30
SATERDAE:
09:00 tot 13:00

HERALD

STERK SOOS LAAGHOUT EN NIE ENKELE BALK



Gesels verlede naweek met ouer garde loop paaie wat die jonger manne nog moet loop en hulle weet niks en wil ook nie luister nie!

Ja, vertel hy, ek moet hulle maar dophou en net om seker te maak, bel ek so af en toe “net om te verneem hoe dit gaan?”. Die manne kan werk, vertel hy, moet gaan kyk net om seker te maak dat alles reg is.

So gesels al die ouer geslagte onder mekaar en dan laat val hulle tussenin dat hulle trots is op hul nageslag.

Dr Anton Rupert het gesê “laat ons die verlede as 'n springplank na die toekoms gebruik en nie as 'n leunstoel nie.”

Jare gelede het Dr Rupert die wysheid gereeld geadverteer met sy Rembrandt advertensies in skooljaarblaai – “Wie nie in wonderwerke glo nie, is nie 'n realis nie”. Om jou drome werklikheid te maak moet jy 'n praktiese dromer wees, 'n realistiese optimis.

Nog 'n maat - wat al tot ruste gelê is – het vertel dat Dr Rupert aandeel in sy tabakfabriek aan sy oorlede vader wou verkoop toe die onderneming nog in sy kinderjare was. Die Rembrandt sigarette het pas op die mark gekom en hulle wou graag die kafees betrokke kry om te belê met die gedagte dat Rembrandt daardeur voorkeur sou geniet.

Oom Kosie het nie geval vir die storie nie en jare later sy misnoeë uitgespreek oor sy besluit om nie daar te belê nie!

Daardie jare was al die Afrikaanse ondernemings met langtande bejeën.

Dr Rupert het dit oor die land en die gemeenskap gesê... “In Suid-Afrika kan jy nie daarvan ontsnap dat jy jou broer se hoeder is nie; ons kan nie slaap as ons behoeftige bure nie eet nie. Ons is 'n mikrokosmos van die wêreld se probleem om in harmonie saam te leef.”

Die bakhand storie nou die dag het hierdie week weer die klippie in my skoën aangeraak.

Ry met die motor in Langmarkstraat af en geen voertuig hou by die padreëls nie – daar is mos nie 'n robot nie en geen voertuig hou stil by die stopstraat-tokens nie. Jy kyk verniet waar die verkeersinspekteurs is! Dat daar nog nie ongelukke plaasgevind het by die dwarspaaie nie is net die lieue Heer se genade. Daar word nie eers meer stadiger gery wanneer die voertuie die kruisings nader nie – ag almal weet Heilbron het nie verkeersinspekteurs nie?

Dalk moet daar meer skadubome in Langmarkstraat geplant word.

Dan word daar gekla dat Heilbron nie genoegsame inkomste het om die straatligte te herstel nie.

Sien die bome om die Langdam en die ou fontein, vroeër jare Heilbron se waterbron, word afgekap – nou ja die “lockdown” sal seker sy tol eis.

Kundiges oor die

herstel van die land se ekonomie in en na die grendeltydperk het gesê die belangrikste item en eerste op jou agenda is bemarking – om jou produk en jou onderneming bekend te stel! Heilbron sit met die Langdam en karavaanpark op sy drumpel – daar is nie een dorp van die Rand tot in Durban of Qwaqwa wat so 'n pragtige waterparadys op sy voorstoep het nie. Stel dit net bekend aan al die motoriste wat wekliks langs die dam verby reis.

Time Gentlemen –
Tom Watson



BKB Louwid NOORD

Die komende week se
BELANGRIKSTE veilinge

MAANDAG - 24 AUGUSTUS 2020

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtye Bezuidenhout 082 827 7443

DIENSDAG - 25 AUGUSTUS 2020

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Rudy vd Westhuizen 079 418 4289

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

BOTHAVILLE: MAJOBIE MERINO'S
60 Ramme & 150 oole
11:00, plaas Vlaklaagte, Bothaville
Kontak Farie Nel 083 325 3066

WOENSDAG - 26 AUGUSTUS 2020

MEMEL Maandelikse veiling
Kontak Lukas Steenkamp 067 404 0690

KROONSTAD: NOORD-VRYSTAAT SAVM KLUB
Top SAVM skape
11:00, Kroon-Boma
Kontak Wilbur Meyer 082 349 3189

DONDERDAG - 27 AUGUSTUS 2020

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Gert Burger 082 822 1952

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

PARYS: VLENSBURG
73 Simbra beeste &
78 Simmentaler beeste
11:00, Vlenburg, Parys
Kontak Rudi Nagel 082 905 6066

VRYDAG - 28 AUGUSTUS 2020

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Paul de Bruyn 079 882 1138

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

FRANKFORT: FRANKFORT BONSMARA
TELESGROEP
Top Bonsmara beeste
11:00, Royal Auction Centre, Frankfort
Kontak Jacques Meyer 076 691 0095

SATERDAG - 29 AUGUSTUS 2020

KINROSS: JOHAN ROARTY
ILE DE FRANCE STOET
267 Top skape
11:00, Kromdraai, Kinross
Kontak Erik Heymans 083 264 5177



www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkbblouwid.co.za